# PERSOONLIKHEDE IN DIE VROEË ANABAPTISME — WAS DIE WEDERDOPERS REWOLUSIONISTE OF HERVORMERS?

## Wederdopers en rewolusie

ONS moet kennis neem dat die Wederdopers vandag sterk aangeslaan word in die rewolusionêre aanslag op die gevestigde „strukture" in die menslike en wêreldlike samelewing. Die rewolusioniste begryp baie goed dat die mens 'n eenheid is en nie in kompartemente, momente of kringe uiteenval nie. Die politieke, kerklike, ekonomiese, kulturele, estetiese „strukture" is bedoel vir dieselfde mens — en derhalwe sit hulle onlosmaaklik aan mekaar vas. 'n Mens kan geen blywende politieke of ekonomiese verandering beoog, sonder om ook die godsdiens te verander nie.

Die Marxis Ernest Bloch het in 1969 „Thomas Müntzer, theoloog van de revolutie" (Utrecht), gepubliseer. Hy vra 'n totaal nuwe waardering vir die anargistiese by Müntzer — terwyl hy met die godsdienstige oortuiginge van Müntzer niks gemeen het nie. Ook by figure soos prof. J. Vercuil en andere kry 'n mens 'n grype na die entoesiastiese, anargistiese, aktivistiese inslag van die Anabaptiste. Hulle voel hulleself in die steun van die PCR binne die WRK in 'n sekere sin soos Müntzer — vegters vir die bevryding van die verdruktes teen die „uitbuiter"-klas.

H. S. Margull sê die kerk het die wêreld met prediking benader. Dit is blote verbalisme (woorde) en daarom is daar nog nooit erns met die „wêreld" as wêreld gemaak nie. Die verbalisme is erfenis van die Reformasie — terwyl die messianisme vandag openbaar word in aksie, „revealed in terms of physical liberation".[1]

In die pragmatiese eeu word vir die kerk gevra na *vrugte* en nie na „wortels" nie — daad-verkondiging (waarop die Metodisme nadruk lê) eerder as woord-verkondiging. Daarom word die homologia (gemeenskap in belydenis) nie meer gereken nie, maar dade van „bevryding" van „onderdruktes" oor die hele wêreld lê 'n nuwe vorm van kerk-wees — ekumeniese gemeenskap — vas. Aktivisme, of saam-doen neem die plek van saam-bely.[2]

## Anabaptisme

Protestant en Roomse het die woord „wederdoper" (anabaptis) as sjibboleth gebruik om almal wat die kinderdoop verwerp en dopelinge weer gedoop het, aan te dui. H. Bouwman tipeer die Doperse rigting as 'n beweging wat omstreeks 1521 in Wes- en Midde-Europa opgekom het op sterkte van die radikale prediking dat die koninkryk van God op aarde gekom het en daarom het alles nuut geword. Juis daarom moes die gelowiges hulle ook vry van die wêreld, as 'n nuwe gemeente van heiliges openbaar.[3] Hierdie ekklesiologie het eenvoudig vereis dat „heiliges" op 'n tydstip waarop hulle verantwoordelik kon kies, gedoop word.

## Iets oor die agtergrond

In die 12e eeu kom duidelike tekens van mondigheid in die Wes-Europese gees na vore. Arnold van Brescia val met die Skrif aan op die korrupsie in kerk en staat en beklemtoon kerk-wees op die apostoliese patroon. Hy pleit vir volledige skeiding van kerk en staat.[4] Petrus van Bruyns beklemtoon op gesag van die Skrif dat die ware kerk bestaan uit ware gelowiges. Hierdie stelling het twee baie sterk implikasies: (1) die aandag word van die kerklike struktuur („kerk" soos die spreektaal sê) getrek op die mens, die gelowige; (2) geloof gaan die doop vooraf en dan word kinderdoop 'n betekenislose seremonie (want as die doop geloof van die dopeling moet beseël, wat kan kinderdoop bevestig?). In 'n sekere sin het Waldus en Henry van Lausanne tot dieselfde gedagte gekom. Geleidelik is juis die Roomse kerklike struktuur as „hoer" aangedui — en begin die protes hom ook anti-struktuur rig. Juis die Roomse Kerk word struikelblok vir die religie van die Bybelgelowige en „die kerk" loods die aanslag op Waldense, Wicliff, Huss en andere. Ondertussen groei die idee van „broederskappe" langs en dikwels buite die kerklike struktuur.

Skynbaar het daar egter — ten spyte van die twyfel of kinderdoop — geen weer-dopery (sjibboleth van die anabaptisme) voorgekom tot op die tyd van Zwingli nie. Hierdie hervormer sou nie die kinderdoop voorgestaan het nie. Zwingli en die Raad van Zürich „adopted the most radical and revolutionary of Anabaptist principles, that Scriptures should be the sole rule of faith and practice, and whatever the Scriptures do not teach must be rejected . . ." Aangesien kinderdoop nie uitdruklik in die Skrif *gebied* word nie, volg dan uit hierdie beginsel 'n verwerping van die kinderdoop.[5]

Dit moet raakgesien word dat die Reformasie en Anabaptisme in 'n sekere sin baie naby aan mekaar — indien nie in mekaar nie — loop. Selfs wanneer die Protestante in 1532 nog in Engeland vervolg word, verklaar hulle dat die kerk nie bloot 'n „ecclesiastical hierarchy" is waarin „prelates" oor die gawes van God domineer nie; ook nie 'n verwarde „assemblage of men" is waarin enige leer geleer kan word in stryd met die Openbaring nie; ook nie 'n sisteem van bygelowigheid nie — maar 'n „assembly" van almal wat deur 'n „living faith are partakers of the righteousness of Christ and of the new life of which the Holy Ghost is the creator — of those in whom selfishness is vanquished, and who give themselves up to the Saviour to achieve with their bretheren the conquest of the world. Such is the Church of God; very different . . . from all those invented by man . . ."[6]

Die kritiek op die Roomse struktuur is wesenlik deel van die Reformasie — so ook die nadruk op die kerk as vergadering van gelowiges (vgl. NGB Art. 27 en HK S 21). Dit staan in skril kontras teenoor Rome waarin die *ecclessia docens* die *ecclessia audiens*[7] (die gelowiges, wat dikwels vandag bloot vanuit die instituut as „lidmate" teenoor ampsdraers gesien word).

Iets het dus misgeloop, waardeur die Reformasie en Anabap-

tisme in twee bane gegaan het — terwyl die Baptisme (vgl. Spurgeon) weer veel nader aan die Reformasie gekom het. Vandag word die Reformasie verwyt dat hy nie bereid was om ten volle te rewoleer nie — maar 'n kompromis gesluit het met die staat. Die Reformasie het so binne die onheilige struktuur van die corpus christianum, die ou christelike ryksidee en feodale sisteem waarin die leenheer (politieke owerheid) ook reg in die kerklike gehad het, gekapituleer. Ter wille van hierdie kapitulasie sou die Reformasie die breuk met die Anabaptisme forseer het. Om die guns van die owerhede te win, sou die Reformatore moeite gedoen het om hulle van die Anabaptiste te distansieer.

Voorts volg dan dat die kerklike strukture vandag beskuldig word dat hulle nog altyd dienaars bly van 'n bepaalde politieke, ekonomiese en maatskaplike sisteem — baie praat en sodoende strukture beskerm. Vir die moderne „ekumeniese" beweging beteken „brood vir die wêreld" letterlik *brood*. Wanneer slegs 20% van die wêreldbevolking die totale besit in die wêreld beheer — moet die kerk ook die strukture deurbreek om so die wêreldnood te lenig.[8] „The task of the church today is in a sentence to recover its leadership in the revolution. From the beginning, and in its essential nature, the church has been revolutionary. Christ sent it out as an explosive, corrosive destructive force".[9] Dat die kerk so ook weer dienaar word van 'n ander kommunisties-materialistiese struktuur — hinder nou nog nie. Daar word slegs gespekuleer dat die christendom die Reformasie as die swakker perd gekies het en die radikale, beter een, wat 'n nuwe koninkryk van God op aarde *werklik* wou daarstel, met hulp en samewerking van die Roomse en politieke magte uitgewis het.

## Die omstrede Thomas Müntzer (1489—1525)

1. Müntzer het as Lutherse predikant in 1520 the Zwickau diens aanvaar. Onder leiding van Storch het die sogenaamde Zwickauer-profete aangesluit by die misitiese en entoesiastiese strominge onder die Waldense, Wycliffiete, Hussiete, Taboriete en andere. Onder hulle tree die neiging na vore om die *inwendige lig* hoër as die Bybel te ag; hulle vertolk die duisendjarige ryk vleeslik reëel; lê nadruk op die mondigheid van die „leek" en verwerp die kinderdoop. Die koninkryk van Christus (vgl. die duisendjarige ryk) bestaan uit heiliges waarvan die onheiliges uitgesluit moet word.

Hierdie profete het invloed op Müntzer gehad — maar Bouwman verwerp die idee dat hy of die Zwickau-profete die Anabaptisme veroorsaak het. A. D. Pont meen Müntzer was self nie Anabaptis nie, maar het invloed op die ontstaan van die Doperse rigting gehad.[10] Steinmetz[11] sê weer dat Bullinger die Anabaptiste aan Müntzer gekoppel het omdat die Anabaptiste sy struktuur van staatskerk beveg het. Om hulle die Müntzer-etiket aan te spyker, wou hy dat die owerheid ingryp en die Anabaptiste bekamp.

2. Müntzer was 'n arbeiderseun wat as Roomse priester opgelei is te Leipzig en Frankfurt alwaar hy die M.A. en Th.B.-grade

verwerf. Hy beskik oor 'n byna ensiklopediese Bybelkennis; stel belang in die Rennaissance-humanisme en gepaardgaande klassieke filosowe en tale; raak geboei deur die mistiek van Tauler en die apokaliptiese werk van Joachim van Fiore. Tydens Luther se debat met Johannes Eck ontmoet hy die Reformator en Karlstadt (Andreas Bodenstein). Geleidelik kom hy onder invloed van die *lumen internum* en beskou hom 'n besondere geroepe gesant van God. Sodoende breek hy geleidelik heeltemal met Luther se *sola scriptura*-beginsel.

Die Raad dwing hom uit Müntzer in 1521. Hy gaan na Praag en kla die armsalige (Roomse) leidsliede van die christendom aan. Hy onderskei tussen die uitverkorenes en veroordeeldes en preek dat 'n oestyd aanstaande is. Hy swerf twee jaar in Duitsland rond en bedien daarna Allstedt (1523—24). Daar bots hy met graaf Ernst I van Mansfeldt en keurvors Frederik III van Sakse. Hy giet die liturgie in die Duitse taal.

Müntzer verwerf groot invloed onder die mynwerkers van Mansfeldt en preek 'n duisendjarige kommunistiese ryk wat weldra sal kom as verwerklikte koninkryk van God. Daarvoor preek hy opstand teen die politieke en sosiale strukture en hy lei te Mühlhausen in Türinge die rewolusie van kleinboere. Daarvoor boet hy met sy lewe op 25 Mei 1525.

3. Müntzer het waarskynlik nie moeite gehad met die doop en/of wederdoop nie. Hy was dus nie werklik Anabaptis nie. Nietemin toon sy opvattings talle subjektiewe, chiliastiese en ander trekke wat weldra by die Anabaptisme voorkom. Bloch meen dat Müntzer deur selfoorskatting en ambisie beheers was. Derhalwe sou hy sy politieke ideale in religieuse idiome uitgedruk het.[11] Müntzer was inderdaad reaksionêr, 'n opportunis en fel gekant teen die politieke struktuur waarteen hy gebots het. Hoewel self nie Dopers nie, bevat sy verbond van uitverkorenes en chiliastiese ryk grondtrekke wat in die volgende paar dekades die Anabaptiste motiveer.

## Die Dopers van Zürich

### 1. *Conrad Grebel (± Zürich 1498—1526)*

Grebel stam uit 'n welgestelde prominente Zürichse familie. Hy het 'n goeie opleiding in die humanisme aan die universiteite van Basel, Wenen en Parys tot 1521 geniet. Hy tree in 1521 in die huwelik, staak sy studie en in 1522 bekeer Zwingli hom tot reformatoriese geloof. Hy het hom volledig by Zwingli ingewerp, maar teen die einde van 1523 raak hy vervreem omdat Zwingli die Raad van Zürich te veel sou gekonsidireer het. Daardeur raak die hoop op 'n evangeliese hervorming van die Duitssprekende kerke in 'n „lou" hervorming verydel.

Teen die einde van 1524 het die verhouding tussen Grebel en Zwingli 'n breekpunt bereik. Grebel het van Zwingli geleer dat kinders deur Christus gered is en geen seremonie nodig het om die verlossing te „verseël" nie. Sy begrip van die NT het hom oortuig dat die Skrif 'n vrye kerk t.o.v. die staat voorskryf. Die kerk moet

slegs deur die Woord en Gees gelei word. Die dissipels van die Vredevors kan in geen omstandighede gemoeid raak in oorlog nie.

Grebel het Zwingli voor die Raad op 17.1.1525 in 'n openbare diskussie ontmoet en gepleit dat slegs belyders gedoop word. Hy het ook die jurisdiksie van die Raad in kerksake betwis. Die Raad het onmiddellik beveel dat alle kinders gedoop moet word. Kort daarna het die Raad Grebel en sy kollega Felix Manz se bybelstudie vir leke ook belet.

Grebel het met sy vriende 'n nag in 'n huis saamgekom om te raad en te bid. 'n Priester George uit die huis van Jacob, algemeen as Blaurock bekend, het onder gebed plotseling van Grebel die „doop vir gelowiges" gevra en ontvang. Daarna het Blaurock die ander aanwesiges gedoop. Dit was die begin van die Anabaptisme.

Hierdeur het die Switserse Broeders self in prinsipe 'n kerk vry van die staat gevorm. J. C. Wenger noem dit die „first modern Free Church".[12] Die bewering gaan slegs op wanneer die Waldense en Hussiete buite rekening gelaat word.

## Die leer van die eerste Anabaptiste

Grebel, Manz en Blaurock met hulle vriende het entoesiasties hulle leer uitgedra. 'n Tydgenoot in Engeland, William Barlow, onderskei in 1531 drie duidelike protestantse strominge t.w. Lutherane, Oecolampadiane of Zwingliane en Anabaptiste. Hoewel hy laasgenoemdes se ekstremisme afwys, voel hy ook aangetrokke tot hulle. Hy gee hulle opvattings soos volg weer: hulle erken slegs diegene wat weer gedoop is as hulle broeders; hulle verwerp die kinderdoop; dit is onmoontlik dat konings, prinse, magistrate en goewerneurs Christene kan wees; hulle verwerp die reg om 'n eed van enige Christen in die howe te eis; 'n Christen moet geen weerstand bied teen sy vyande nie; hulle onderhou 'n uiterlike heiligheidskultus met reëls, vaste en langdurige Bybellees en streef na 'n heilige perfeksionisme; hulle help mekaar en besit hulle goedere gemeenskaplik; hulle val Luther en Oecolampadius aan en sê dat hulle die evangelie maklik maak om slegter as die papiste te lewe; gevolglik vervolg die reformatore ook diegene wat heilig wil lewe.[13]

Wenger gee die program van Grebel soos volg weer: hy wou 'n Bybelgetroue kerk vorm; die kerkregering moes van die Woord en Gees van God uitgaan; kerk en staat moes radikaal geskei word; die maatskappy moet evangeliseer word, want die massa (in naam Christene) toon met hulle lewe dat hulle nie wedergebore is nie; die mens moet opgeroep word tot boete, geloof in Christus en verseëling van die dissipelskap met doop, by voorkeur deur onderdompeling; 'n Bybelse tug moet Bybelse norme op die sedelike lewe in die kerk aanlê; die lewe moet ooreenkomstig die voorskrifte van die NT wees; 'n uitgesproke leer van passifisme of „suffering love" en veroordeling van alle vorme van geweld, militêre diens of politieke ampte; op sterkte van die Bergrede (Matth. 5 : 34). Vir Grebel was die beginsel *sola scriptura* allesbeheersend. Soos Zwingli wou hy derhalwe ook by die nagmaal niks oorhou wat nie in die Skrif gebied is nie. Hy vra 'n eenvoudige plek van samekoms sonder beelde

of heilige voorwerpe. Daar moet broederlike dissipline met die Tien Gebooie en Matth. 18 uitgeoefen word. Hy vermaan Müntzer in Allstedt t.o.v. die gerugte van gewapende opstand en wys op die passifisme en martelaarskroon. Tegelyk veroordeel hy die opvattings van „Wittenberg" in krasse taal. In sy brief 5.9.1524 aan Müntzer verwag hy reeds dat Zwingli hulle gaan vervolg. Hy volg Zwingli na met 'n radikale verbod op sang in die erediens (waarskynlik omdat hy slegs die Latynse liturgie geken het). „The Reformers, Grebel felt, did a disservice to the gospel by not setting up a church which was wholly obedient to the Word of Christ".[14]

Grebel is die „youthful reformer" op wie die Mennoniete en die Baptiste Kerk hulle beroep. Grebel is op die ouderdom van 28 in 1526 in gevangeskap aan die pes oorlede.

## Anabaptistiese gemeentes en vervolging

Doperse gemeentes het in die Alpe opgespring en die owerhede van die kantons moes ernstig met hulle reken. Op 29.12.1529 het die Raad van Basel 'n publieke diskussie gereël en die beweging verbied. In Bern vind 'n disputasie van 1 tot 9 Julie 1532 te Zofingen plaas en die beweging word veroordeel. Dieselfde gebeur in Appenzell en Argau. Blaurock het die saak bevorder te Grisons en Chur. Hy word egter verbrand op die brandstapel op 6.9.1529. Op sterkte van die publieke veroordeling het talle kantons hulle kwota dopers met die dood gestraf en ander verban. In Zürich, die stad van Zwingli, was die straf by voorkeur verdrinking en so het Felix Manz op 5.6.1527 die marteldood gesterf.[15]

Historici stem saam dat ons in hierdie Switserse Broeders rondom Conrad Grebel die eintlike Anabaptisme of Baptistiese stroming aantref. Ek wil egter tog waarsku dat ons nie te veel in kompartemente moet dink nie. Die merkwaardige brief van Grebel (eers 'n volgeling van Zwingli) op 5 September 1524 (meer as vier maande voordat die Raad van Zürich teen hom opgetree het) aan Thomas Müntzer (eers 'n volgeling van Luther) bewys dat hulle in 'n sekere sin as geesgenote van mekaar geweet het. Hulle staan egter onafhanklik teenoor mekaar.

### 2. *Balthasar Hubmaier (1480—1528)*

Hubmaier is universitêr geskool onder leiding van dr. Eck met wie Luther gedisputeer het te Leipzig. Hy was priester en het in 1523 o.l.v. Zwingli e.a. tot die reformasie oorgegaan en in 1525 verwerp hy die kinderdoop. Volgens Walker was hy 'n bekeerling van Luther, te Waldshut in 1522 en sou hy reeds in 1523 die kinderdoop betwyfel het. Zwingli sou destyds nog met sy gevoelens simpatie gehad het.[16] Pas na sy bekering het hy 'n paar honderd volgelinge gedoop en 'n groeiende Bybelgebonde gemeenskap gevorm. Waldshut het betrokke geraak by die opstand van die Duitse kleinboere onder Müntzer. In hoeverre dit met seën van Hubmaier geskied het, is onseker.[17] Bloch beweer dat „de geweldadig communistisch tendenzen" van Müntzer Hubmaier en die Zürichse Dopers aangegryp

het omdat dit 'n kommunistiese apostoliese ryk van Christus in lyn met die Hussietiese „kommunisme" te Tabor in vooruitsig gestel het. Die spiritualisme en kommunisme van Müntzer sou dus Hubmaier en die Taboriete aangespreek het.[18]

Hubmaier vlug na Zürich, word gevang en gemartel en sou sy anabaptisme verloën het. Hy gaan net soos Müntzer na Morawië, kom weer na Nikolsburg, doop en bedien 'n eenvoudige nagmaal en voetwassinge totdat die groothertog Ferdinand van Oostenryk hom laat vang, te Wenen verhoor en verbrand (10.3.1528).[19] Sy vrou is kort daarna in die Donoube verdrink.

## Die Marawiese Baptiste

Walker merk op dat daar „many divisions among the Moravian Baptists" was.[19] Waar Hubmaier burgerlike regering en militêre diensplig goedgesind was, het Hans Hut hom gedurende 1526 heftig in Nikolsburg geoponeer. Hut het die einde van die wêreld in 1528 verwag en 'n radikale passifisme en 'n kommunistiese leefwyse voorgestaan. Hut het met duidende volgelinge 'n gemeenskap volgens sy sienswyses te Austerlitz gestig. Jacob Hutter het hulle van 1526 tot 1536 deeglik georganiseer. Hy het as martelaar te Innsbruck gesterf. Sy invloed was so sterk dat georganiseerde groepe van Morawiese broeders met 'n kommunistiese leefpatroon in Hongarye, Ukraïne en selfs in die VSA (1847) voorgekom het.

Ons vestig die aandag op Hut en Hutter om aan te toon hoe die Doperse groepe op mekaar ingewerk en van mekaar verskil het. Bloch sê talle Müntzer-dissipels het hulle by Hut geskaar.[20] Die Morawiërs het weer groot invloed op die Metodiste gehad — en laasgenoemdes op die totstandkoming van die WRK.[21]

Die Dopers het op 20.8.1527 'n sinode wat later as die Martelaarsinode bekend geraak het, gehou. Daar is besondere aandag aan Hut se apokaliptiese gedagtes gegee. Hy het homself as 'n profeet beskou en geleer dat die vervolging van die heiliges gevolg sou word deur 'n vernietiging van die Duitse Ryk deur die Turke. Daarna sal die heiliges saamkom, die wêreldlike regeerders oordeel en Christus sal sigbaar op aarde by hulle woon. Hut moes beloof om die gedagtes vir homself te hou, omdat die ander nie daarmee saamgestem het nie.

Die Sinode het „sendelinge" (vgl. Matth. 28: sending en doop!) uitgestuur na Oostenryk, Salzburg, Beire, Worms, Basel en Zürich en feitlik al hierdie sendelinge het die marteldood gesterf. Hans Hut is in Augsburg gevang, het verbrand in 'n ontsnappingspoging en aan sy wonde beswyk. Sy liggaam is nietemin nog op 7.12.1527 in die openbaar verbrand.

## Vroeë Duitse Dopers

### 2.1. *Hans Denck (1495—1527)*

Hubmaier sou Hans Denck in Mei 1526 en Denck weer Hans Hut gedoop het. Die arbeid van Denck maak van Augsburg die Duitse setel van doperse bedrywigheid.

Net soos talle ander doperse leiers is Denck goedontwikkeld vir sy tyd. Hy skakel ook sterk met die Zürichse hervormers, sodat Oecolampadius hom in 1523 aanbeveel as rektor vir die St. Sebastiaanskool in Neurenberg. Hy kom daar onder invloed van Müntzer en word verdryf (1524) na Augsburg en later na Strassburg.

Dit is opmerklik dat ook hierdie leier die humanistiese opvoeding van die Rennaissance deurloop het. Sy opvattings was spiritualisties misties. In hierdie stadium verwerp hy alle sigbare kerkorganisasie (struktuur) en stel hy die inwendige lig bo geloof in die Skrif. Christus is die grootste voorbeeld van liefde en 'n mens kan perfektheid bereik en sonder sonde lewe. Walker noem sy opvattings „Christian Platonism and mysticism, especially 'German Theology' ".[22]

By Denck is die opmerklike dat hy Müntzer en daarna Hubmaier leer ken, invloed op Hut uitoefen, maar uiteindelik die doperse anabaptisme verbygaan en as humanis met etiese opvattings aan die pes te Basel in 1527 sterf. Hy word tegelyk beskou as een van die eerste voorlopers van die antitrinitariërs wat in Jesus slegs 'n voorbeeld en verkondiger van liefde vind.[23] Denck het in 1526 te Strassburg 'n publieke disputasie met Bucer gehou en vir Bucer na die „pous van die anabaptiste" gelyk.

### 2.2. *Ludwig Hätzer (1500—1529)*

Hy was 'n vriend van Zwingli en Denck, spesialiseer in die humanisme en drink die mistisisme van die Theologia Germanica in. Hy is ook uit Zürich verban vanweë sy doperse leerstellings, lei die radikales in Augsburg (1525), oponeer Oecolampadius in Basel, woon dan in by Capito in Strassburg. Hy help Denck om die profetiese boeke van die OT in Duits te vertaal. Hy vlug saam met Denck uit Worms en is in 1529 veroordeel en gedood in Konstans, waarskynlik op 'n valse aanklag van owerspel.[24] Volgens Ranke was hy die eerste (nog voor Denck) om die godheid van Christus te loën.[25] Hy en Denck was geesgenote.

## 3. *Michael Sattler*

Van 1528 tot 1533 maak die eertydse monnik Sattler van Strassburg, alwaar 'n doperse gemeente sedert 1526 bestaan het, 'n vesting vir die dopers. Hy het ook kontak met Capito (wat simpatie met die dopers gehad het) en Bucer gehad. Na die verbanning van Denck verlaat hy vrywillig die stad. Hy het op 24.2.1527 presideer op die Doperse beraad te Schlatt, lawaar gepoog is om die Switserse en Slawiese dopers te verenig. Die Raad het sewe artikels wat Sattler opgestel het, aanvaar: gelowige belyders moet gedoop word; die kerk bestaan uit lokale gemeenskappe van gedoopte wedergebore Christene, verenig deur gemeenskaplike nagmaal; die enigste tugwapen is ekskommunikasie; absolute breuk met die vleesaanbidders in Roomse, Lutherse en Zwingli-kerke word vereis; elke gemeente moet sy eie ampsdraers verkies en hulle moet tug en dissipline uitoefen; die gebroke wêreld vereis burgerlike regering, maar Christene

moet nie meedoen nie; geen militêre deelname of eedswering nie. Sattler is kort hierna op die brandstapel te Rottenburg veroordeel (21.5.1527) en sy vrou verdrink.

*Pilgram Marpeck (?—1546)*

Hierdie invloedryke en gesiene ingenieur uit Tirool het die dopers in Strassburg gelei. Hy is verban in 1532 en het toe na Augsburg gegaan en sy opvattings verdedig in sterk biblisistiese trant. Hy het in 1542 'n soort Kategismus die lig laat sien as *Vermahnung Oder Taufbüchlein.*

5. *Melchior Hoffman (1498—1543)*

Melchior Hoffman is gebore in Hall in Swabe uit 'n handwerkfamilie en was self 'n bontwerker. Hy was 'n persoon met besondere gawes, maar het geen teologiese of wetenskaplike opleiding gehad nie. In hierdie opsig verskil hy opvallend van talle vroeë Dopers. Hy val op omdat hy so baie rondgereis het en feitlik al die godsdienstige strominge van sy tyd aangehang het.

Hy word tot die Lutherse reformasie bekeer in Lyfland omstreeks 1523 en tree dadelik op as Lutheraanse prediker in Wolmar (Lyfland); word ingekerker en uiteindelik verban. In 1524 tree hy op in Dorpat, word deur Roomse en „evangeliese" geopeneer. Toe die slotvoog van die biskop hom in hegtenis neem, kom die arbeiders in oproer en ontset hom. Hoffman het die oproer, beeldestorm en aksie teen die domhere en kloosters afgekeur.

Hy vertrek na Riga en kom in 1525 te Wittenberg aan alwaar hy guns verwerf by Luther en Bugenhagen. Hy publiseer sy gevoelens in 'n brief waarin hy die regverdigmaking deur die geloof en die predestinasie voorstaan. In die brief dring hy egter ook sterk aan op heiliging van die lewe en gee blyke van 'n sterk eskatologiese motief. Terug in Dorpat bots hy egter met die Lutherse predikante omdat hy homself as 'n goddelik-geroepene teenoor die predikante as menslik-geroepenes aandien. Hy word siekestrooster te Reval.

Hierna vertrek hy na Stockholm, tree daar in die huwelik en skryf twee boeke: *Formaninghe* en *Uitlegging van die 12de Hoofstuk van Daniël.* Hieruit blyk dat hy nog Luthers was, maar oor die nagmaal begin hy verskil. Hy begin ook oor die owerheid anders dink en verwerp reeds die eed. Hy skryf nou aan homself profetiese gawes toe en verkondig die wederkoms van Christus vir 1533.

Koning Gustaaf verbied hom in 1527 om in sy ryk te preek. Hy gaan na Lubeck, alwaar die Lutherse predikante gevang word en hy uitwyk na Maagdenburg en hom in 'n boekie teen aanvalle van Amsdorf verdedig. Wanneer hy Luther weer ontmoet, wil Luther hom liewer bontewerker as prediker sien. Dit bring 'n definitiewe rigtingverandering by Hoffman te weeg.

Frederik I van Denemarken gee hom verlof om in Kiel te preek, maar toe hy *Inhalt und bekenntenisse vom Sacrament und Testamente des leibes und blutes Jesu Christi* publiseer, brand 'n felle Lutherse protes teen hom los. Luther self het (1528) hertog Christiaan van Sleeswijk-Holstein teen Hoffman gewaarsku. Die koning het 'n open-

bare dispuut oor die nagmaal op 8.4.1529 beveel, alwaar Hoffman sy opvattings (wat hoofsaaklik ooreengekom het met dié van Karlstadt en met wat Calvyn later leer) vrugteloos verdedig. Na sy verbanning gaan hy en Karlstadt na Oos-Friesland. In dieselfde jaar kom hy nog in Straatsburg, ontmoet Bucer en Schwenckfeld en gee sy *Uitlegging van Johannes' Openbaring* (1530) uit. Daarin verbind hy die tydsgebeure aan sy profetiese insigte. Daardeur vervreem hy die predikante van hom.

Hierdie vervreemding bring 'n verdere koersverandering na vore. Hy begin hom tot die Dopers aangetrokke voel en die predikante verag. Hy gaan almeer in 'n mistiese en apokaliptiese rigting op. Toe hy 'n kerkgebou by die Raad aanvra, word hy in 1530 verban. Hy het hom waarskynlik in hierdie tyd laat doop, en ook doperse sienswyses begin voorstaan.

Hy vestig hom nou te Embden in Oos-Friesland onder 'n doperse gemeenskap. Landwehr meen ook dat die naam „Wederdoper" toe hier ontstaan het. Hy is geroem as die „Elia" wat die wederkoms van Christus vooraf gaan. Hy wil geen Switserse Doper wees nie, maar handhaaf nou die doop as kenmerk van die ware gelowiges. Sy gemeente noem hy „waaragtige dissipels van die ewige Woord". Hulle noem hulleself „Bondgenote".

Toe die predikante aandring op sy verbanning, stel hy Jan Volkertzn (Trijpmaker) in sy plek aan (wie saam met agt volgelinge in 1531 in Den Haag onthoof is), publiseer sy belangrikste werk *Die Ordonnansie van God* as verklaring op Matth. 28 : 18 e.v. Hy gaan in 1531 weer na Straatsburg om „bondgenote" te versamel. In 1532 was hy weer in Friesland, in 1533 weer in Strassburg. Hy beoog nou om 'n apokaliptiese „nuwe Jerusalem" in Strassburg te stig. Die gesante moes daarvandaan uitgaan om „die Doop van die Bondgenote" oor die aarde te laat seëvier. Hy verwek doelbewus provokasie deur 'n werkie *Von dem Schwert* teen die owerheid te skryf.

Gedurende 1533 disputeer hy en Schwenckfeld drie dae lank teen Bucer en die predikante. Hy word opgesluit in 1533, vir hom 'n oorsaak van blydskap. Dit is moontlik dat Calvyn hom hier in Strassburg tydens sy gevangenisskap ontmoet het.

Volgens Balke het Calvyn goeie kontak met die Dopers gehad en geslaag om talle, o.a. Jean Stordens, die eerste eggenoot van Idelette van Buren, tot die gereformeerde religie te bekeer. Hy het in 1538 aan Farel geskryf dat die „pestilensie" onder die eenvoudiges van die stad verbrei het en dat hy met alle mag die beweging wou stuit.[25] Hoffman is in 1543 in gevangenskap oorlede.

Hoewel Bloch Hoffman wil roem as die opvolger van Müntzer wat die rewolusie gered het en na Nederland uitgebrei het,[26] het Balke oortuigend aangetoon dat Hoffman 'n mistieke eskatologie en wêreldmyding met volkome passifisme voorgestaan het. Müntzer (en Matthijs) daarenteen wou met rewolusie teen die owerheid die eskatologie gewelddadig verwesenlik. Daarteenoor het Calvyn die volmaakte ryk konsekwent as 'n eskatologiese gawe in Christus gesien.[27]

## Nederlands-Duitse vroeë Dopers

1. *Jan Matthijsen of Matthijs zoon*

Jan was 'n bakker van Haarlem en seun van 'n wewer. Hy het Jan Volkertzn Trijpmaker in die Amsterdamse gemeente van Bondgenote opgevolg. Hy was skynbaar reeds in 1528 'n aktiewe Doper te Haarlem en het op 'n stadium twaalf apostels uitgestuur. Hy was 'n somber, hartstogtelike man, met 'n swart baard, 'n indrukwekkende persoonlikheid. Hy kon deur vrees en opswepery die menigte beweeg. Aanvanklik volg hy Hoffman, verstoot sy ouerige vrou en neem 'n jong dogter as eggenoot.

Weldra gaan hy op sy eie weg. Hy beroep hom op onmiddellike openbaringe en stel homself bo die Skrif. Hy dien hom as die tweede Henog aan en beloof om met sy volgelinge die groot ommekeer te bewerk. Hy stuur sy twaalf dissipels twee-twee uit om die oordeel oor Babilon aan te sê en die oestyd te verkondig. Opvallend vind hulle steeds 'n aanhang, veral in Münster in Wesfale. Toe die Dopers die stad onder beheer kry, stroom gelykgesindes oral vandaan, selfs uit Nederlande, daarheen, menende dat dit die nuwe Sion was.

Matthijsen voer hier 'n gemeenskaplike besit van goedere in; kondig 'n sabbatjaar aan waarin alle skuldbriewe en renteverpligtinge verval; biblioteke verbrand is en slegs die Bybel behou is.

In 1534 het die biskop, gesteun deur 'n aantal vorste, Münster beleër. Die fanatieke Matthijsen het verklaar dat hy kragtens 'n openbaring van God Gideon is. Op Paasfees het hy met 'n klein bende uitgetrek om die stad te verlos. Die einde spreek vir homself.[28]

2. *Jan Beukelzoon of Jan van Leiden*

Hy is gebore uit die arbeiders van Münsterland; opgevoed in Leiden tot kleremaker; werk in Engeland en Vlaandere; word koopman in Leiden; later herbergier en vermaak sy gaste met sy toneelspel. Hy ontmoet Hoffman en kom onder sy invloed. Jan word in 1533 deur Matthijsen gedoop en in 1534 gaan hy na Münster alwaar hy met Rothman en Matthijsen saamwerk in belang van die „teokratiese demokrasie".

Na die dood van Matthijsen word Jan hoof in Münster, feitlik koning van Sion, met 'n skitterende hofhouding. Op die voorbeeld van die patriarge voer hy poligamie in en hou 17 vroue daarop na. Hy was 'n bloeddorstige terroris, wat selfs een van sy vroue eiehandig onthoof het terwyl die ander moes toekyk en sing: „Aan die hoë God alleen die eer!" In 1535 val Münster en sy koninkryk, en ten spyte van die voorspraak van Fillips van Hessen, is hy saam met Knipperdolling en Krechting in die St. Lambertuskerk tereg gestel en het Münster weer Rooms geword.[29]

## Enkele opmerkings oor die vroeë Anabaptisme

1. Die Wederdopers het met (Roomse en Lutherse) kerk en staat gebots. Daar is gevolglik weinig eerstehandse materiaal oor hulle beskikbaar. Ons moet hulle leer ken uit wat hulle teenstanders van

hulle gesê het. Daarbenewens is feitlik al die leiers baie jonk om die lewe gebring. „Few of these men were permitted to reach any degree of experience... Most, if not all of the potential leaders were cut off before they could develop depth and maturity of judgement". Daarbenewens doen mens die werklikheid eintlik geweld aan om van Anabaptisme as 'n stroming te praat. Daar was groot verskille onder hulle aanwesig — moontlik groter as tussen Luther en Calvyn bestaan het. „The entire Anabaptist movement was blackened by the excesses of the minority. The catastrophe at Münster in 1535, particularly, has served to dub the Anabaptist cause as fanatical and unworthy of serious attention".[30] Steinmetz sê: „Das protestantsche Müntzerbild blieb darum stets Apologetik Luthers... seine Lehre als allein echte Form des Christentums zu erweisen... Die katholischen Fürsten und Theologen hatten von Anfang an in Müntzer nur den Schüler und Jünger Luther gesehen; die revolutionäre Tätigkeit Müntzer was für sie eine Ausgeburt des Luthertums". Hy pleit dus vir 'n herwaardering van Müntzer as stryder vir die volk en die arbeidersklasse.[31]

2. In 'n sterker mate voel 'n mens simpatie met 'n man soos Grebel aan. Dit val eintlik op dat juis Calvyn hom ook aangetrokke gevoel het tot die volgelinge van Hoffman in Strassburg — onder hulle gearbei het en sukses behaal het. Hy het selfs met die weduwee Idelette van Buren uit hierdie geledere in die huwelik getree. Aan die ander kant, enkele opvallende punte soos die leer oor die doop daargelaat, merk 'n mens op talle punte op dat die leer van Grebel feitlik net so by Calvyn terugkeer. Die volslae breuk met die „strukture" van die Roomse Kerk en vertroue op die Bybel het hier 'n ooreenkoms veroorsaak. Dit val ook op hoeveel „stadia" talle leiers van die Anabaptisme deurgeloop het.

3. Daarbenewens blyk dit duidelik dat die Anabaptiste onder mekaar op hoogte was en gekommunikeer het met Luther sowel as met reaksionêre figure soos Müntzer. Die brief van Grebel op 5.9.1524 aan Müntzer waarin hy sy sanksie soek op hulle verklaarde geloofsbelydenis en verwys na die „einig gemein wort allen brüderen und gleubigen"[32] — toon dat daar in die vroeë Anabaptisme veel meer verwantskap en onderlinge beïnvloeding was as wat oppervlakkig die geval blyk te wees. Latourette skyn dus met reg Müntzer by die Anabaptiste te reken, want „he rejected infant baptism and therefore, if the term were sufficiently inclusive, could be grouped with them".[33]

4. Die Anabaptisme lê 'n leemte in die Reformasie bloot. Die Middeleeuse en Germaanse idee van die corpus christianum en ius patronatus soos verwerklik in die staatskerk (by Zwingli en Luther) of die staat as verdediger van die Roomse kerk (kerkstaat en feodalisme) — het inderdaad 'n skaduwee gewerp. Omstandighede en 'n behoefte aan beskerming het waarskynlik by Luther en Zwingli meegewerk om kerk en staat baie nou in die feodale struktuur te betrek. Die aanslag van die Anabaptiste het 'n suiwerder instituut beoog — en aan die ander kant juis veroorsaak dat die waarde van

hulle kerkbegrip geneutraliseer is deur die reaksie teen die Anabaptiste. L. Verduin het tot 'n mate reg om te praat van die „reformers and their stepchildren" (titel van sy boek, Michigan 1964). Die breuk tussen Zwingli en Grebel lyk onverklaarbaar. Die gedurige inmenging van politieke owerhede het die Reformasie verhinder om te konsolideer.

Dit lyk ten volle verantwoord om te beweer dat indien Calvyn die Reformasie in Zürich, Strassburg en elders gelei het, sou sy leer van 'n geskeie en selfstandige kerk en staat, onderskeid tussen kerklike en geestelike mag, tug in die kerk, die kerk as gemeente van gelowiges onder die heerskappy van die Woord — waarskynlik die Anabaptisme grootliks ondervang het en sou die doop nie so as sjibboleth teen 'n verwêreldlikte kerk opgeskroef hoef te word nie. Balke dui in sy „Calvijn en de Doperse Radikalen" inderdaad in hierdie rigting. Hy toon aan dat die Dopers weinig op Calvyn aangeval het en hy besonder verdraagsaam teenoor hulle was.

Onwillekeurig moet 'n mens ook eerlik vra: in hoeverre het Bucer en Calvyn se ontmoetinge en dispute met die Anabaptiste in Strassburg bygedra om die gereformeerde opvatting oor kerk, kerkregering en kerklike tugoefening te vorm? Die gereformeerdes is waarskynlik erfgename van heelwat gesuiwerde gemeengoed uit die vroeë Anabaptisme.

5. Klaarblyklik sentreer die vraagstuk van die Anabaptisme rondom die teokrasie: hoe regeer God sy kerk? Tereg het hulle daarin sowel die papisme as caesaropapie afgewys. Talle van hulle het gevra na die koninkryk van God as 'n heerskappy van Christus deur sy Woord en Gees. Ongelukkig het vele met die leer van Montanus (tweede eeu) oor die lumen internum die band tussen Woord en Gees in die teokrasie kwyt geraak en in subjektiwisme verval. Gevolglik het valse toekomsverwagtings van 'n aardse Christusryk na vore gekom. Met hulle kerkbegrip van die „heiliges" (vgl. die Donatisme in die vierde eeu) kon hulle die Middeleeuse dilemma en neo-platoniese skeiding tussen stof en gees nie ontkom nie en verval hulle in mistisisme en askese. Die Anabaptiste het gestreef en gely om 'n geïsoleerde kerkgemeenskap daar te stel — en in die proses hulle roeping tot en visie op die heerskappy van Christus in die wêreld verloor. Die ekklessiologie oorheers die horison van die Anabaptisme. „Hun eenzydig op het Nieuw Testament georienteerde schriftopvattingen en hun ekklessiologie staan hen in de weg om hun verwantschap met Calvijn te ontdekken".[34]

6. 'n Mens merk onwillekeurig op dat die leiers van die Anabaptiste net soos Calvyn by uitstek volgens Rennaissance-resep geskool was in die humanisme. Die humanisme het geworstel met die vraag na die goeie mens, die mens van deug en goeie sedes. Die antwoord van die Griek was dat dit deur wysheid (opvoeding) verkry moes word. Dit het nadruk gelê op die mens en sy wilsbesluite. Die heersende toestande in die Roomse Kerk en veral in die *ekklesia docens* onder die geestelikes, het die Anabaptiste skerp na die deugdelike mens in die kerk laat soek. Daarmee het hulle gebreek met die

Middeleeuse verheerliking van die Roomse Instituut, die struktuur, wat feitlik as middelares tussen die gelowige en Christus ingeskuif is. Met die Bybel in die hand het die mens geglo dat hy die wysheid en mondigheid besit om die Roomse „establishment" te beoordeel en veroordeel — en self „een zichtbaar en waar lichaam van Christus op aarde te vinden in overeenstemming met het patroon van het Nieuwe Testament".[35]

Ook hier weer het Calvyn saam met Luther teenoor die Dopers vasgehou dat die kerk ook „volkskerk" is en dat die kinderdoop daarom sy plek het — maar tegelyk kon hy met die Dopers teenoor Luther handhaaf dat die suiwere belyder in sy leer en lewe geken word. Die Kerk is derhalwe nie net instituut vir woordverkondiging nie, maar sigbare beeld van die liggaam van Christus. Die tug is derhalwe die senuwee van die kerk en Calvyn verbind die ideaal van persoonlike belydenis van geloof aan die nagmaal — terwyl die Anabaptiste perfeksionisme aan die doop koppel.

Die Anabaptisme het dus inderdaad as reformasie begin — maar in die storm en drang van aksie en reaksie het dit al meer rewolusionêr beweeg.

B. Spoelstra.

*(Voordrag oor ontstaan en persoonlikhede in die vroeë Anabaptisme gelewer voor die Kerkhistoriese Vereniging van die NHK, Pretoria 1974. Verwerk.)*

---

VERWYSINGS

1 H. S. Margull: Theologie der Missionarschen Verkündiging, Stuttgart 1959, p. 189.

2 Vgl. H. Krimm: Quellen zur Geschichte der Diakonie, Stuttgart, p. 68.

3 H. Bouwman: Anabaptisten, Chr. Enc., Kampen 1925.

4 H. C. Vedder: Short History of the Baptists, Valley Forge 1969, p. 84.

5 Ibid., p. 133.

6 J. H. Merle de'Aubigne: The Reformation in England II, London 1972, p. 103.

7 Ibid., p. 231.

8 D. J. Karres: De gemeente en haar diakonaat, 'sGravenhage 1969, p. 124.

9 S. C. Neill: A Revolutionary Church, Whitbey, p. 75, 64.

10 A. D. Pont: Die reg van opstand by Thomas Müntzer, SA-Akademie vir Wetenskap en Kuns, Jg. 14 nr. 1, 1974, p. 18.

11 M. Steinmetz: Das Müntzerbild von Martin Luther bis Friedrich Engels, Berlin 1971, p. 201.

12 J. C. Wenger: Conrad Grebel's Programmatic Letters of 1524, Pennsylvania 1970.

13 I. B. Horst: The Radical Bretheren. Anabaptism and the English Reformation to 1558. BHR, Nieuwkoop, 1972, p. 45.

14 Wenger: a.w., p. 11 en 13. Hy verwys na 'n biografie deur Bender en 'n publikasie van nog 70 briewe van hierdie „youthful reformer".

15 W. Walker: A History of the Christian Church, Edinburgh, 1968, p. 326—328. K. S. Latourette: A History of Christianity, New York, p. 781.

16 Walker: a.w., p. 326. Bloch: p. 83 beweer Zwingli het simpatiseer en gebreek omdat hulle teen die owerheid 'n bende sou gevorm het. Walker meen hy was bekeerling van Luther en het reeds in 1523 die kinderdoop betwyfel.
17 Walker, p. 327.
18 Vgl. Bloch, p. 40—68. Neander: Geschiedenis der Christelijke Godsdienst en Kerk (vertaal W. C. Mauwe), Rotterdam 1858, p. 180 e.v., 341, 380—390.
19 Latourette: a.w., p. 781.
20 E. Bloch: Thomas Müntzer, theoloog van de revolutie, Utrecht 1969, p. 83.
21 Vgl. D. C. S. van der Merwe: Metodiste, Metodisme en Sending in hierdie uitgawe In d.S.; Rolf Sauerzapf: Die Säkularisierung der Genfer Ökumene, proefskrif U.P. 1975.
22 Latourette, a.w., p. 329.
23 J. H. Landwehr: Denk Hans, Chr. Enc. Kampen 1925.
24 Latourette, a.w., p. 782.
25 Leopold von Ranke: Deutsche Geschichte im Zeitalter der Reformation, Wien, p. 697.
26 Bloch, a.w., p. 87.
27 W. Balke: Calvijn en de Doperse Radikalen, Amsterdam 1973, p. 254.
28 H. Kaajan: Matthijsen Jan, Chr. Enc., Kampen 1925. G. P. van Itterzon: De Reformatie, De Geschiedenis der Kerk II, Kampen, p. 223.
29 J. H. Landwehr: Jan van Leiden, t.a.p.
30 Errol Hulse: An introduction to the Baptists, Foxton 1973, p. 10 en 3.
31 Steinmetz, a.w., p. 431 e.v.
32 J. C. Wenger, a.w., p. 14.
33 Latourette, a.w., p. 783.
34 Balke, a.w., p. 76, vgl. 96.
35 Ibid., p. 155.